



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

FEBRUARIE/MAART 2012

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN KOMMUNISME IN DIE SOWJETUNIE
VERANDERING IN SUID-AFRIKA NA 1989 BEÏNVLOED?****BRON 1A**

Die bron fokus op Gorbachev se voornemens oor die beleid van perestroika.

Geneem uit http://findarticles.com/p/articles/mi_m1079/is_n2153_v89/ai_8528187.

Gorbachev het in 1989 sy nuwe beleid van perestroika en die beoogde radikale hervormings ingestel. Die nuwe beleid van 'rekonstruksie' is ingestel in 'n poging om die ekonomiese stilstand te bowe te kom deur 'n betroubare en effektiewe meganisme om ekonomiese en maatskaplike vooruitgang te versnel.

Volgens Gorbachev was perestroika die 'samekoms van die ontwikkeling van demokrasie, sosialistiese selfregering, aanmoediging van inisiatief en kreatiewe ywer, verbeterde orde en dissipline, meer glasnost, kritiek en selfkritiek in alle sferes van ons samelewing'. Dit het die grootste respek vir individuele vryheid en agting vir persoonlike waardigheid.

Baie van sy hervormings is egter destyds as radikaal beskou deur ortodokses (konserwatiewes), soos Boris Yeltsin.

BRON 1B

Hierdie artikel beklemtoon hoe die val van kommunisme hervorming in Suid-Afrika beïnvloed het.

Geneem uit *The Times* deur M Binyon, 14 November 2009.

Mnr. Gorbachev was nooit visioenêr of rewolusionêr nie. Hy het gedink dat kommunisme hervorm kon word deur sy twee leidinggewende beginsels van glasnost (openlikheid) en perestroika (rekonstruksie). Hy het gehoop dat kommunisme in 'n soort sosiale demokrasie sou ontwikkel. Tuis het sy eksperimente in sy politieke val geëindig.

Mnr. De Klerk, ook nie radikaal nie, was meer in staat om beheer te hou, omdat selfs mede-Afrikaners besef het dat die ekonomiese redes vir segregasie nie meer sin maak het nie. Hy het verklaar dat dit net die val van die Berlynse Muur was wat sy party die moed gegee het om die risiko te neem om mnr. Mandela vry te laat. Vir jare het Suid-Afrikaners gevrees dat kommunistiese insypeling (oorname) van die African National Congress 'n onvermydelike oorwinning vir kommunisme sou beteken het as dit wettig verklaar sou word en die mag sou oorneem. 'Die ANC sou inkom (bewind oorneem) op 'n platform van rassegelykheid. Ons het gedink dat dit dan deur 'n kommunistiese magsgreep oorgeneem sou word,' het hy gesê.

Slegs toe dit duidelik geword het dat kommunisme nie meer 'n wêreldmag was nie, het die Nasionale Party onderhandelinge met die gevangenes op Robbeneiland versnel, wat in 1990, drie maande na die val van die Muur, tot mnr. Nelson Mandela se vrylating gelei het.

BRON 1C

Die volgende uittreksel fokus op die impak van De Klerk se hervormings op die ANC. Geneem uit *The Man In His Time* deur W de Klerk, FW de Klerk se broer.

In die geledere van die ANC het FW de Klerk se toespraak groot verwarring veroorsaak. Die ANC is op die verkeerde voet gevang. Hulle het Mandela se vrylating verwag, maar nie die ontbanning van die organisasie self nie. In werklikheid was hulle beplande strategie om die vrygelate Mandela vir 'n massaveldtog te gebruik om op die ontbanning van die ANC aan te dring.

... [in plaas daarvan] om deel van die 'stryd' te wees, het dit [ANC] skielik deel van die 'stelsel' geword ... [In plaas daarvan] om 'n georganiseerde ondergrondse weermag te wees, is hulle oornag in 'n openbare organisasie omskep. Waar dit op buitelandse goedkeuring vir sy stryd teen apartheid staatgemaak het, is die ANC in die demokratiese proses ingedompel ...

VRAAG 2: HOE HET DIE BEËINDIGING VAN DIE KOUE OORLOG TOT DIE HERVOORSTELLING VAN EGIPTES GEDURENDE DIE 1990'S BYGEDRA?**AGTERGRONDINLIGTING OOR EGIPTES**

In Junie 1953 het Egipte 'n republiek onder die leierskap van Kolonel Gamal Abdul Nasser geword. In 1970 het Anwar Sadat Nasser opgevolg. Hy het 'n verandering in Egiptiese-Sowjet-betrekkinge bewerkstellig. Sadat het hom tot Amerika vir hulp gewend, maar is deur die VSA president, Jimmy Carter, onder druk geplaas om Israel te erken. In antwoord daarop het Egiptiese bittereinders Sadat in 'n sluipmoordaanval vermoor weens sy sterk bande met die Weste. Hosni Mubarak het die leierskap van Egipte in 1981 oorgeneem en bande met die Sowjetunie is hernieu. Teen die 1990's is kulturele, ekonomiese en politieke bande met die Sowjetunie egter gekonsolideer omdat hulle demokrasie aangeneem het.

BRON 2A

Hierdie bron fokus op die implikasies van die ekonomiese hervormingsprogram in Egipte na die val van kommunisme.

Geneem uit 'n besprekingsdokument wat deur M Omran vir die World Institute for Development Economics Research (WIDER) in 2002 geskryf is.

Aangesien ekonomiese hervormingsprogramme in die laaste twee dekades die nuwe neiging geword het, het Egipte, soos die meeste ontwikkelende lande, met dieselfde program geëksperimenteer. Die doelwit was om teen die laat 1990's ekonomiese stabiliteit te bereik. 'n Goed gestruktureerde ekonomiese hervormingsprogram, met die volle ondersteuning van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank, is geïmplementeer om die hele ekonomiese spektrum te dek. Die program was daarop gemik om beide die monetêre (geldelike) en die ekonomiese beleid te verbeter, aangesien Egipte onder hiperinflasie (meer as 20%), negatiewe reële rentekoerse (-6%), en 'n groot begrotingstekort (20%) gebuk gegaan het. Die IMF was ten gunste van vinnige implementering, maar die Egiptiese regering wou 'n geleidelike benadering volg om die negatiewe uitwerking op die lewenstandaarde van sy samelewing te minimaliseer en die programme is geleidelik ingestel.

BRON 2B

Hierdie bron bestaan uit twee uittreksels wat fokus op die pogings om die Egiptiese ekonomie na 1990 te ontwikkel.

UITTREKSEL1: Die uittreksel handel oor Hosni Mubarak se poging om die Egiptiese ekonomie te herstruktureer.

Geneem uit <http://www.wsws.org/articles/2004/may2004.egyp-m05.html>.

Om lenings te kry, het Egipte vanaf 1991 'n reeks ekonomiese en strukturele aanpassingsprogramme aangeneem. Die val van die Sowjetunie het die onmoontlikheid om selfonderhoudende nasionale ontwikkeling in 'n wêreld ekonomie na te jaag, bevestig. 'n Sleutelaspek van die aanpassingsprogramme was die vermindering van voedselsubsidies (toelaes) wat as misleidend van die markwaarde van goedere beskou is. Slegs subsidies op koring, olie en olieprodukte en suiker is behou. Sedertdien het die koste vir die verbruiker op die meeste gesubsidieerde goedere geleidelik gestyg, met die prys van meel en brood wat nader aan hul markprys beweeg het.

Met die aankondiging dat voedselkoepons vir 25 stapelvoedselsoorte beskikbaar sou wees, is die regering se beleid om subsidies af te skaf (beëindig), gefnuik. Alhoewel die koepons slegs aan diegene beskikbaar sou wees wat dit in 1989 aangevra het en wat dit elke jaar hernu het, is dit 'n teken van armoede in Egipte. Die regering het beraam dat 88% van die bevolking op die koepons geregtig was.

Die koepons sal nie beskikbaar wees aan enigeen wat meer as 2 000 Egiptiese pond verdien nie, meer as 11 hektaar grond of meer as een motor besit nie. Natuurlik sal dit nie die 1% van die bevolking insluit wat die meeste van Egipte se rykdom besit en wat by die aanpassingsprogram gebaat het nie ...

UITTREKSEL 2: Hierdie uittreksel vertel van Egiptenare se ondervindinge gedurende die ekonomiese krisis.


Geneem uit <http://www.wsws.org/articles/2004/may2004.egyp-m05.html>.

In die herinnering van daardie dae ... vertel Hagga Fawzia aan die *Egyptian Gazette* in April hierdie jaar, 'Die oomblik toe my eerste kind gebore is, het ons hom as een van die persone wat op goedere (voedsel) geregtig was, soos aangedui op die kaart, geregistreer.' Soos wat haar familie tot sewe kinders gegroei het, het Fawzia voortgegaan, 'kon elkeen van my kinders hul geliefkoosde artikel (voedselsoort) dra. Een het suiker geneem, 'n ander een die rys en 'n derde het met die kookolie gesukkel. Ek het vir hulle lekkers gemaak elke keer wat ons die suiker op die rantsoenkaart gekry het'.

Ingenieur Zeinab Mohamed het ook aan die *Gazette* vertel, 'Ek sal altyd die goeie kwaliteit van goedere wat ons op die rantsoenkaarte gekoop het, onthou ... Deesdae is die goedere wat by die staatsbeheerde koöperatiewe kleinhandelaars beskikbaar is, nie so goed soos 40 jaar gelede nie ...'

BRON 2C

Hierdie spotprent wat in 2010 gepubliseer is, beeld die rykdom uit wat Hosni Mubarak tydens sy bewind as president van Egipte bekom het. Mubarak het Egipte gedurende die hervoorstellingsperiode regeer. Hy was dus verantwoordelik vir die opeenhoping van '\$70 biljoen korrupte rykdom' en die ekonomiese wanbestuur van Egipte na 1990. Geneem uit <http://www.cartoonstock.com/newscartoons/mfn/lowres/mfnn+1481.jpg>.



**\$70 BILJOEN
KORRUPTE
RYKDOM**

**OUKE!! EK GAAN!!!
MAAR DIT SAL 'N
RUKKIE NEEM OM
MY PERSOONLIKE
GOED TE
VERWYDER ...**

VRAAG 3: HOE WAS DIE ONDERHANDELINGSPROSES IN SUID-AFRIKA IN DIE VROEË 1990's DEUR KONFLIK EN SPANNING BEDREIG?**BRON 3A**

Hierdie bron beklemtoon hoe konflik die onderhandelingsproses in Suid-Afrika gedurende die 1990's bedreig het.

Geneem uit *Mandela, They Fought for Freedom Series* deur K Pampallis.

Dit het gelyk asof die ontbanning van die politieke organisasies en die vrylating van Mandela en die ander 'n vuur onder Suid-Afrika aan die brand gestee het. 'n Groot pot was besig om te kook, en dit het gelyk asof dit gaan oorkook. Daar was baie bestanddele in die pot – gematigde wit mense wat bekommerd was dat hulle hul gemaklike lewenstyl sou moes prysgee, regsgeesinde wit nasionaliste wat vasberade was om nie 'n meerderheidsregering te aanvaar nie, swart radikale wat gedink het dat die enigste manier om vryheid te verkry, was om wit mense uit die land te verdryf, Zoeloe-nasionaliste wat daarop gesteld was om mag in hulle eie deel van die land te verkry en baie andere.

Nes daar 'n bietjie vordering in die onderhandelinge was, het dit gelyk asof daar nog 'n oproer (onluste) of slagting êrens in die land was. Dikwels was daar berigte dat die polisie of die weermag óf die geweld aangehelp het om te gebeur óf niks gedoen het wanneer hulle kon nie. Die pot het warmer geword.

BRON 3B

Die volgende twee uittreksels is deur die joernalis R Mkhondo in *Reporting South Africa* tydens sy ondersoek na inligting oor geweld in Sebokeng ingesamel.

UITTREKSEL 1: Die uittreksel hieronder fokus op die polisie se weergawe van wat in 1992 in Sebokeng gebeur het.

In Sebokeng-hostel is vier plaaslike inwoners een Augustus-oggend dood gevind. Drie is dood aan steekwonde en een is doodgebrand. Inwoners het Zoeloe-trekarbeiders wat in die hostel gewoon het vir die moord op die mans geblameer. Die polisie was besig om sowat 150 hostelbewoners oor die vier moorde te ondervra, toe [hulle] daar aankom en sowat 1 000 township-inwoners buite die hostel gesien het. Die inwoners was met gevaarlike wapens bewapen en baie mense in die skare het petrolbomme vertoon. Die skare het openlik aan die polisie verklaar dat hulle daar was om die hostel binne te gaan en die mense wat verantwoordelik was vir die moord van die vier mans, dood te maak. 'n Weermageenheid is ingeroep. 'n Skietery het uitgebreek. Bloedige gevegte het uitgebreek en 36 mense is deur soldate gedood, het 'n polisieverklaring later gesê.


UITTREKSEL 2: Die uittreksel hieronder fokus op die inwoners se siening van wat in 1992 in Sebokeng plaasgevind het.

Die inwoners se weergawe was heeltemal verskillend. Hulle verduidelik dat kort nadat die marsjerende en singende inwoners daar aangekom het om daarop aan te dring dat die mans se liggame aan hulle oorhandig word, het soldate daar aangekom, van hulle trokke afgeklim, posisie ingeneem en hul gewere oorgehaal (gereed om te skiet). Die skare het na hulle toe geloop met wuiwende hande en gesê 'vrede, ons baklei nie'. Party van hulle het selfs gaan sit. Skielik was daar 'n skietery. Baie mense het gehardloop. Party van die mense het geval. Toe dit alles verby was, is 11 liggame gevind, party buite en party binne die hostelkampong. Ure later het die dodetal tot meer as 36 gestyg.

BRON 3C

In die 1990's, terwyl die onderhandelingsproses aan die gang was, was daar 'n aantal toevallige voorvalle van politieke geweld. Die spotprent hieronder beeld politieke geweld uit wat met die moord op treinpendelaars in die groter Vaaldriehoek-gebied, Johannesburg in 1991 en 1992, te doen gehad het.


Geneem uit *Nelson Mandela – A Life in Cartoons*. Geredigeer deur H Dugmore et al.



BRON 3D

Die grafiek hieronder toon die dodetal in politieke geweld in Suid-Afrika van 1985 tot 1993.

Geneem uit *South Africa 1948 – 1994* deur M Roberts.



VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESPEEL IN DIE HANTERING VAN SUID-AFRIKA SE VERLEDE GESPEEL?

BRON 4A


Die uittreksel hieronder is geneem uit *Truth Justice Memory*, saamgestel deur die Instituut vir Regspraak en Rekonsiliasie, 2008. Dit verduidelik die doel van die WVK.

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) sou altyd omstrede wees. Die WVK het ook 'n genesende rol gehad – nie net vir diegene wat voor die WVK getuig het nie, maar ook vir die wat die verrigtinge dopgehou het. Die WVK het nie oor geregtigheid gegaan nie, alhoewel baie Afrikane wat onder apartheid gely het, dit baie moeilik moes gevind het om te verstaan, maar veel eerder oor versoening, deur mense aan te moedig om hulle misdade teenoor hulle medemens te bekén.

BRON 4B

Hieronder is 'n spotprent deur Zapiro wat in die *Sunday Times* van 2 Augustus 1998 verskyn het. Dit beeld die amnestieproses van die WVK uit.

Geneem uit *Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur F du Toit.



BRON 4C

Hierdie bron is die gevolg van 'n meningsopname van 3 727 willekeurig geselekteerde gewone Suid-Afrikaners wat in 2000 en 2001 gedoen is.

Geneem uit *The Truth about Truth and Reconciliation in South Africa* deur J Gibson.

Groot rasseverskille bestaan oor hoe die WVK geëvalueer word, met swart en wit wat die uiterstes is. Byvoorbeeld, terwyl ongeveer driekwart swart Suid-Afrikaners die werk van die kommissie goedkeur, voel slegs 'n bietjie meer as een-derde wittes so daaroor. Bruin respondente het 'n taamlik negatiewe siening van die WVK, alhoewel hulle nie so krities soos wittes is nie, en Indiër-respondente neig om relatief positief te wees, alhoewel nie so gunstig soos swartes nie. Die taak waarop die WVK die gunstigste reaksie kry, is die hulp om families van slagoffers by te staan om uit te vind wat van hulle geliefdes geword het – die blootlê van die waarheid oor die verlede. 'n Meerderheid Suid-Afrikaners van alle rasse stem saam dat die WVK goeie werk in hierdie verband gedoen het. Die mins positiewe aspek van die waarheid-en-versoeningsproses het met vergoeding te doen, maar selfs oor hierdie moeilike kwessie beoordeel die meerderheid swart en Indiër Suid-Afrikaners die WVK positief. Oor die algemeen blyk dit dat swartes positief is oor alle aspekte van die werk van die WVK, terwyl wittes oor amper al die werk van die WVK negatief is.

BRON 4D

Hierdie uittreksel is uit 'n voorwoord deur Aartsbiskop Desmond Tutu.

Geneem uit *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report*.

Ons is diep dankbaar teenoor die duisende Suid-Afrikaners wat na die Kommissie gekom het om ons hul stories te vertel. Hulle het die wêreld se bewondering vir ons land gewen: oral waar jy gaan, word daar met agting (respek) gepraat oor Suid-Afrika se vreedsame oorgang na demokrasie, wat geëindig het met die waarheid-en-versoeningsproses, wat uniek in die annale (rekords) van die geskiedenis is, een wat geprys moet word as 'n nuwe manier vir die mensdom om te leef. Dis met leedwese dat terwyl ek skryf ons soveel reparasie (vergoeding) verskuldig is aan die wat as slagoffers verklaar is. Die genesing van diegene wat na ons toe gekom het, hang af van meer beduidende vergoeding en ek sal diep ongelukkig wees as ons land dié wat die regverdigheid en edelmoedigheid van gees gehad het om hulle pyn in die openbaar te ontbloot, in die steek laat.

Ek pleit by die regering dat ons hierdie dure verpligting en verantwoordelikheid nakom en ek wil graag my waardering uitspreek dat die Minister van Finansies dit duidelik gemaak het dat hy steeds die vergoedingsproses as onafgehandel beskou.

Dit is jammer en ontstellend dat die wit gemeenskap merendeels gefaal het om voordeel uit die waarheid-en-versoeningsproses te trek. Hulle is sleg in die steek gelaat deur hulle leiers. Baie van hulle dra 'n skuld las wat verlig kon gewees het as hulle aktief die geleentheid wat deur die kommissie aangebied is, aangegryp het; diegene wat nie bewustelik enige skuld erken nie, is op 'n manier slegter daaraan toe as dié wat hulle skuld bely het. Behalwe die seer wat dit vir dié wat gely het, veroorsaak, is ontkenning deur so baie wit Suid-Afrikaners dat hulle voordeel uit apartheid getrek het, 'n terugslag vir hulle kapasiteit om die vrugte van verandering te geniet. Genadiglik was daar glorieryke uitsonderings.

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is geneem uit die volgende:

- Binyon, M. *The Times*, November 14, 2009
- Bottaro, J. et al. 2007. *In Search of History – Grade 12* (Britain; Oxford University Press)
- Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Cape Town; Palgrave Publishers)
- Claire, H. et al. 2007. *Making History – Grade 12* (Sandton; Heinemann Publishers Pty Ltd)
- De Klerk, W. 1991. *The Man in his Time – FW de Klerk* (Cape Town; Jonathan Ball)
- Dlamini, N. et al. 2007. *Shuters History Grade 12* (PMB; Shuter & Shooters Publishers)
- Du Toit, F. et al. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (Cape Town; David Philip)
- Dugmore, C. et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Florida Hills; Vivlia Publishers)
- Dugmore, H. et al. 1999. *Nelson Mandela A Life in Cartoons* (Cape Town; David Philip)
- Friedman, M. et al. 2007. *Focus on History Looking into Past Grade 12* (Cape Town; Maskew Miller Longman)
- Gibson, J. *The Truth about Truth and Reconciliation in South Africa*
- Govender, SP. et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (Pinetown; New Generation Publishing Enterprises)
- Graves, F. et al. 2007. *Moments in History* (Cape Town; Juta Gariep)
- http://en.wikipedia.org/wiki/Mikhail_Gorbachev#Perestroika
- http://findarticles.com/p/articles/mi_m1079/is_n2153_v89/ai_8528187
- <http://www.cartoonstock.com/newscartoons/mfn/lowres/mfnn+1481.jpg>
- <http://www.wsws.org/articles/2004/may2004.egyp-m05.shtml>
- Institute of Justice and Reconciliation: *Truth Justice Memory: South Africa's Truth and Reconciliation Process* (Cape Town; Tandym Print)
- Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission: A Journey through the past and present – into the future of South Africa* (Pretoria; Carpe Diem Books)
- Mkhondo, R. 1993. *Reporting South Africa* (Oxford; James Currey Publishers,)
- Morris, M. 2004. *Every Step of the Way. The Journey to Freedom in South Africa* (London; Cambridge)
- Omran, M. 2002. *Wider – Discussion Paper – Testing for a Significant Change in the Egyptian Economy under the Economic Reform Programme Era* (United Nations University)
- Pampallis, K. *Mandela, They Fought for Freedom Series*
- Roberts, M. 2001. *South Africa 1948–1994* (London; Maskew Miller Longman)
- Sparks, A. 1994. *Tomorrow is Another Country* (Pretoria; Struik Publishers)
- Tutu, D. 2000. *No Future without Forgiveness* (Cape Town; Juta Gariep) University Press)